

DIT IS TYD

'n Kort uittreksel uit 'n nuwe boek Die gety het gedraai, wat deur adv. P.J. Pretorius en Adriaan Snyman saam gekryf word en as omstandighede dit toelaat, nog later vanjaar sal verskyn.

NEE, DANKIE, JOU GROND IS WAARDELOOS!

VREEMDE 'WEERMAG' ONTPLOOI IN SA

DIE POSDUIF

EN MEER...

**DIE
VAANDELDRAER**

CLASSIFIEER





INDEX

DIT IS TYD	4
NEE, DANKIE, JOU GROND IS WAARDELOOS!	6
DIE POSDUIF	7
BLANKES HET AL ONS KENNIS BY AFRIKA GESTEEL	8
VREEMDE 'WEERMAG' ONTPLOOI IN SA	10
DINGE KAN ENIGE OOMBLIK ESKALEER. WEES VOORBEREID	11
GRONDWET – WORD VIR DIE 18DE KEER VERANDER	13
LANGS DIE WATERLOSE FONTEINE	14
SENDELINGE HET 'N GROOT VERANDERING GEMAAK	15
VISIOEN OOR GEWELD EN MOORDE IN GAUTENG	15
HULLE BREEK AF WAT HULLE NIE SELF GEBOU HET NIE	17
SA POLITICI MOET GEARRESTEER WORD	18

Posbus 316, Ladismith, 6655

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Navrae: info@vaandel.co.za



VAN DIE REDAKTEUR

Die ANC regeer die land al vir amper 'n kwart eeu en in daardie tyd het alles agteruit gegaan. Op die oomblik huiwer Suid-Afrika op die rand van 'n landswye kragonderbreking, asook stakings wat die ekonomie kan knou soos nog nooit tevore nie. Ons is reeds afgegradeer tot rommelstatus en verder kan ons nie val nie.

Die BTW verhoging het lewenskoste die hoogtes laat inskiet. Besighede het hulle pryse met tot 30% verhoog as gevolg van die 1% verhoging in BTW. Die petrolprys gaan nou met 1 sent op en ons kan seker daarvan wees dat besighede hulle goedere weereens as gevolg daarvan verder gaan opstoot. En steeds is daar geen einde in sig nie.

Die grootste probleem is dat die swart regeerders nou nog nie besef dat hulle nie die vermoë het om enigiets aan die probleme te doen nie. Die skuld vir die toestand waarin Eskom vandag is, kan gelê word

aan die deur van slim swartes, niemand anders nie. Instandhouding van enigiets is baie laag op hulle prioriteitslys. Hulle is dol oor vergaderings waar hulle slim kan klink, maar steeds word daar net geklets en niks gedoen nie. Dis die DOEN wat die deurslag sou gee, maar, nou ja ...

Hulle hou drie dae lank konferensie in die St. George Hotel in Pretoria en al wat daar uitgekóm het, is ietsie oor die e-tol, die verkiesing volgende jaar en dat hulle die grond gaan vat en daar word al maande lank hieroor gepraat.

Oor die e-tol en korrupsie het Jacob Khawe, die nuutaangestelde provinsiale sekretaris van die ANC, die volgende te sê gehad: "Die ANC se provinsiale konferensie het besluit e-tol moet gaan. (Weereens het hulle baie op daardie konferensie gepraat – baie!) Ons sê weg met e-tol! Ons doen ook 'n beroep op die regering om te kyk na lewenskoste wat die

hoogte in geskiet het. Ons moet sê nee vir korrupsie. Nee vir staatskaping. (Eintlik is dit al iets van die verlede) Ons moet toegewyd wees om 'n oorweldigende oorwinning vir die ANC in die 2019-verkiezing te verseker." En dit is waaroor dit eintlik gaan – die verkiesing wat gewen moet word.

En as hulle wegdoen met die e-tol, wat gaan word van die R40 biljoen wat hulle daarop aan die maatskappy skuld wat dit opgerig het? Gaan dit ook uit die staatspensioenfonds kom?

En toe het David Makhura, premier van Gauteng en voorsitter van die ANC in die provinsie, gesê: "Ons gaan nie vir die parlement wag nie. Ons sal onbeboude grond, insluitend regeringsgrond, teruggee aan die mense. Ons is vasbeslote dat die grond teruggee moet word aan die volk."

Ons is glo almal dieselfde en ons is glo een nasie, maar as hulle van die mense in Suid-Afrika praat, dan praat hulle van "our people" en hulle bedoel dan net swartes. En as ons praat van "ons volk" bedoel ons net die Afrikaanssprekende, regse blankes en die twee is glad nie dieselfde of versoenbaar met mekaar nie.

Hy het verder benadruk dat die ANC vasbeslote is om die sosio-ekonomiese probleme wat inwoners in die gesig staar aan te spreek. "Ons wil die mense van Gauteng verseker dat die ANC julle baie ernstig opneem. Ons staan voor 'n stryd en dit is om in 2019 te wen. Ons is gereed om die verkiesing te wen."

Dit gaan oor die verkiesing en stemme werf en nie om probleme op te los nie. Eintlik is swartes in hulle element wanneer dit by 'n verkiesing kom, want dan kan hulle praat en praat en praat en beloftes maak en daar kom niks van enigiets wat hulle sê nie. Hulle is dus uitstekende politici.

Kyk ons egter na die profesieë dan kan dit wees dat hierdie verkiesing dalk nie gaan plaasvind nie. Siener

het gesê hy sien 'die mielieblare' waai – volgens sy eie vertolking beteken dit daar word reggemaak vir 'n verkiesing. Dan styg die blare op in die lug (die verkiesing word tydelik uitgestel), en dan 'verdwyn' die blare (die verkiesing word afgestel).

Die moontlikheid dat die huidige onstabiele toestand in die land alle toekomstige planne omver kan gooi, is baie groot. Eskom kan nie aan sy werkers se eise om bonusse en salarisverhoging voldoen nie. Kragonderbrekings teister die hele land. Die Noordwes-gebied is in chaos gedompel. In Hermanus dreig 'n bloedige opstand. Kraanwater in Johannesburg is besoedel met giftige mikroplastiek. Aan die droogtegeteisterde Suidkus (Mosselbaai-omgewing) is boere se toestand so benard dat hulle mekaar moet help met voeding vir hulle diere. Die regering stel nie belang nie – hy het 'n verkiesing om voor te veg!


DIT IS TYD

*(Onderstestaande is 'n kort uittreksel uit 'n nuwe boek Die gety het gedraai, wat deur adv. P.J. Pretorius en Adriaan Snyman saam gekryf word en as omstandighede dit toelaat, nog later vanjaar sal verskyn. Die titel van adv. Pretorius se bydrae is **Dit is Tyd**, en hierdie gedeelte kom uit sy **Voorwoord**.)*

Voorwoord

Ek is die koördineerder van Volksverraad asook van hierdie dokument. Die dokument is 'n onderafdeling van 'n dokument getiteld "Die Formule". Ons is 'n span wat aan hierdie dokument gewerk het. Sien my en my span bloot as die Koördineerder van die dokument.

Dit was nie 'n maklike taak om hierdie dokument te skryf nie. Dit is daarom belangrik om daarop te let dat hierdie dokumente (net soos *Volksverraad*) is en



was 'n intelligensie-oefening om die inhoud hiervan saam te stel. Verskeie insette oor die verloop van 'n paar jaar is verwerk om hierdie dokument moontlik te maak. Insette is in die relevante gedeeltes van die navorsing ingepas. Gevolglik is dit 'n volksprodukt.

Kom ons sê die oorsprong hiervan begin toe ek een oggend in 1991 saam met Christien Dippenaar en 'n groepie kollegas in 'n hysbak geklim het. Een van die persone wat in die hysbak was, was daardie oggend in 'n bruin pak geklee. Christien het toe 'n opmerking gemaak oor die bruin pak en daarop gewys dat Siener van Rensburg het 'n heldfiguur in 'n bruin pak voorspel. Hierdie held sal nog eendag byna soos 'n ridder op 'n wit perd ons volk in die verre toekoms kom red. Dit is in daardie hysbak wat ek vir die eerste keer van die Siener te wete gekom het. Die ironie is dat Christien se skoonvader, ds. Dippenaar een van

ons plaaslike predikante in Ventersdorp was. Ons plaaslike dokter, dr. Van Rensburg en sy seuns, Jaco en Bernard, en dogter, Esmé, wie saam met my op skool was, is familie van die Siener. Dit het net verby my gegaan. Kort daarna het Adriaan Snyman se publikasie *Siener van Rensburg – Profeet vir sy Volk* in 1992 verskyn. Die publikasie het as't ware die hele land ingesluk. Selfs my groot base by die geheime-diens. Dit het by almal 'n vlam van hoop aangesteek. By sommiges openlik en by ander sluimerend. Hierdie vlam, wat my aanbetref, gaan eendag die kohesie word wat ons na mekaar gaan aantrek. Tyd sal nog leer. Dankie Adriaan daarvoor.

Hierdie publikasie, *Dit is Tyd*, dra (net soos "*Die Formule*") die geestelike saad van 'n nuwe godsdiens. Jes. 65:24 praat van 'n "nuwe godsdiens" wanneer die "nuwe wêreld" kom. "Nog voordat hulle bid, sal Ek hulle verhoor, en Ek sal antwoord terwyl hulle nog praat." [*Lewende Bybel.*] Die "nuwe" godsdiens sal 'n omwenteling in ons tradisionele godsdienstige beskouing meebring, wat tot nou toe deur Christelike dogmas geblokkeer is. Hierdie "nuwe" godsdiens is in werklikheid byna 6 000 jaar oud. Dit is so oud soos Adam self.

Dit was Siener van Rensburg en Johanna Brandt se taak om ons vir die deur na hierdie waarheid oop te maak. Hulle profesieë gaan oor 'n konflik tussen God en die Satan tydens die transformasieproses wat tans aan die gang is. In die nabye toekoms gaan die aarde met beide die hemel en die hel gekoppel word en ons gaan in beide kante bykomende dimensies van die hemel en die hel in terme van ruimte sien, wat tot dusver onmoontlik was as gevolg van ons ontoereikendheid om geestelik te kan sien.

In ons navorsing wat heet "*Die Formule*" het ons tot die gevolgtrekking gekom dat toe Adam en Eva uit die Paradys val het, het God die Vader die Woord aan hulle gestuur wat Sy geestelike liggaam oor hulle getrek het en het die Woord hulle uit hul gevalle toe-



stand opgewek (1 Verborge Boek van Eden 2:3-5.) Hulle het toe die kinders van die Lig (ook “Sons of God” genoem) geword. Binne-in daardie ruimte was die heerlijkheid van God alomteenwoordig en dit het ’n atmosfeer geskep waarin hulle omtrent ’n duisend jaar oud kon word. Adam en sy nageslag tot voor die Sondvloed het dit hulle Heilige Tabernakel genoem. Ons verwag dat hierdie gebeurtenis gaan nou weer herhaal word.

God het deur Sy Woord aan Adam en Eva die heilige tabernakel gegee. Op daardie stadium was die Paradys rofweg 50 meters bokant hulle koppe. ’n Geestelike tent of skild was oor hulle getrek. Hierdie geestestent is inderdaad ’n geestelike tabernakel of tempel. [Die Formule].

Die waarheid is geleë in die volheid van die Liggaam van Jesus Christus en die ware impak om die natuur te verander soos God aan Adam belowe het 5,500 jaar (wat in die afmetings van die Verbondsark van vyf en halwe el, weerspieël word) gelede om weer die bedeling van die Koninkryk van die Lig terug te bring. Die hele skepping sien uit na hierdie dag. Hierdie bedeling sal sentreer rondom die heerlijkheid van God.

Suid-Afrika is bestem om die kuratorskap van hierdie godsdienst te ontvang. Daarom moet ons ons land red in die naam van Jesus (Yahoshua) – die koning van Israel. Ons almal moet onder Sy voet kom. Suid-Afrika word Sy rusbank. Suid-Afrika gaan in die nabye toekoms ’n heimat of tuiste vir Christene wêreldwyd word...

NEE, DANKIE, JOU GROND IS WAARDELOOS!

Die meerderheid van die media se vleiskoppe ondersteun Ramaphosa en die ANC se wysiging van die

Grondwet vir die onteiening van grond sonder vergoeding, want dit moet kwansuis die vergrype van die verlede regstel en die ‘gesteelde’ grond aan die eintlike stellers terugbesorg.

Maar dit lyk nie of enigeen van hulle die volle implikasies hiervan besef nie.

Om mee te begin, die rand het onmiddellik na Ramaphosa se middernagtlike aankondiging dat hy blanke se grond gaan vat, met 16 sent teenoor die dollar versleg, en alle aanduidings is daar dat die steierende rand nog verder laer gaan afsak.

Die toejuigings en lofsange wat Ramaphosa ontvang het met sy inswering in Desember as SA se nuwe president en redder van Reënboogland, word skielik nie meer gehoor nie. Daar word nou fluisteringe gehoor dat dit voortaan met ons erger sal gaan as toe Jakob (Stortkop) Zuma die ramkie geslaan het.

Daar het in die verlede al talle grondgrype plaasgevind en dat die agtergeblewenes wat ’n florerende boerdery pasella ontvang het, dit met die grootste gemak in ’n stinkende, verlate vullishoop agtergelaat het, sien niemand raak nie.

Die ANC se desperate poging om sy verlore glorie terug te kry, ruik al lankal na ’n week oue politiekus se karkas waarin nog net die maaiers oorleef; en aanstons sal net sy wit (rassistiese) geraamte oorbly. Dis dalk ook die rede waarom daar nog geen plan op die tafel is van wat moet gebeur nadat die grond gedeps is nie.

Die huidige gebeure gee ’n mens die gevoel van ’n leë blik wat gevul is met idealisme ondersteun deur kommunisme gelaai met kapitalisme en gemeng met die idealisme van demokrasie.

Die onteiening van grond sonder vergoeding het ons op ’n koers na ’n doodloopstraat geplaas omdat daar eenvoudig met die wet van ekonomiese groei



en vooruitgang, weggedoen is; want as jy grond of enige iets sonder vergoeding ontvang, het dit geen waarde nie, aangesien geen monetêre waarde vasgestel is terwyl oordrag van eienaarskap gedoen is nie. Dan sal daar ook GEEN lening, bank- of andersins teen genoemde grond verkry kan word nie.

Eenvoudig gestel, jy kan nie R10 verwag vir iets wat as niks gewaardeer is nie. Dan kan daar ook nie belasting op gehef word nie; en hoe bied jy iets wat waardeloos is aan as sekuriteit?

Verskeie rooilig-tekens het onmiddellik op die horison verskyn.

Die eerste teken was dat die rand nie kon bly staan nie, en gaan voortsteier totdat hy in die hek duik. Die tweede teken is dat Suid-Afrika met sy 'waardelose' grond buitelandse beleggers finaal afgeskrik het.

Die derde teken lyk so:

'n Inwoner van die Monyakeng-township buite Wesselsbron het aan 'n boer gesê hy sal doodmaak vir grond en dat pres. Cyril Ramaphosa gesê het dat al die boere se grond aan sy mense gegee moet word. So nie kom hulle dit vat!

Johannes de Villiers, 'n boer wat buite Wesselsbron teen die township grond huur, sê mense het Woensdagoggend daar begin om standplase uit te meet.

"Hulle het aan ons gesê iemand in die stadsraad het gesê dat hulle op die grond mag bou," sê De Villiers. "'n Man, net bekend as Bushie, het by ons opgedaag en gesê ons pa's het die grond gesteel."

Volgens De Villiers het die mense met hopies klippe standplase begin uitmerk. "Ons het gesê daar is 'n groot stuk munisipale grond, waarom bou hulle nie daar nie."

Die grond wat De Villiers vir weiding huur, behoort aan 'n ander boer. Die boere het die polisie ontbied wat die mense beveel het om van die grond af pad te gee.

Hoewel hulle padgegee het, het Bushie 'n ruk later met 'n groter skare uit die township opgedaag.

"Die mense het almal pikke en grawe gehad en dit was duidelik dat Bushie

konfrontasie soek," sê hy. Bushie, glo 'n voormalige raadslid, het ook aan 'n boer wat voorheen op sy plaas aangeval was, gesê dit "kan wêér gedoen word".

"Die polisie het die mense verbied om verder op die grond standplase uit te meet en ons het padgegee sodat ons nie meer konflik veroorsaak nie," sê De Villiers. Hy meen hierdie poging tot die besetting van die grond is die gevolg van Ramaphosa se aankondiging oor grondonteiening.

Kapt. Stephen Thakeng, polisiewoordvoerder, sê 98 mense het probeer om penne op 'n boer se grond vir erwe in te slaan. Die mense sê die boer moet met hulle oor die grond onderhandel, sê Thakeng.

Volgens hom het Wesselsbron se stasiebevelvoerder, lt.-kol. Harry Lekitlane, aan die mense verduidelik dat die regte prosedure gevolg moet word voordat hulle grond kan kry.

(Hulle KAN dus die grond kry, hulle moet net op die regte manier te werk gaan).

DIE POSDUIF

Hierdie is 'n ware verhaal wat hom afgespeel het in 1914 tydens die Eerste Wereldoorlog. Amerikaanse soldate was vasgekeer in 'n Franse woud en die



Duitsers was besig om hul af te maai! Hul enigste hoop was om n klomp posduiwe met boodskappe te stuur na die Amerikaanse basis om hulp, hul enigste hoop op oorlewing! Die Duitsers merk op dat posduiwe losgelaat word en gee die opdrag dat daar van kanonvuur en masjiengewere gebruik gemaak word om hul af te maai.

Maar daar was een Amerikaanse soldaat met baie geloof in die Almagtige, en ook in sy posduif, en hy het in Hom en die duif geglo om redding vir hul te bring. Voordat hy sy posduif loslaat sê hy aan hom: "Go and do your job my beauty!"

Die duif moes deur al die kanonvuur vlieg en het veilig by sy bestemming uitgekom. Toe hy deur die valdeur van hokkie stap was hy mank gewees. Een van die offisiere het hom opgemerk en die boodskap van sy poot afgehaal en aan bevelvoerders gegee.

Daar is dadelik beveel dat hierdie soldaat-duif, of wonderduif soos hy vernoem is, mediese behandeling ontvang. Versterkings is onmiddellik vir die Amerikaanse soldate gestuur wat die Duitse magte toe kon terugdryf!

Die wonderduif is vereer vir sy heldedaad. Vandag is hy opgestop in die Smithsonian-instituut in die VSA waar sy lewensverhaal vertel word.

Die Here het sy hand van beskerming gelê op daardie duif om sy eindbestemming te bereik! Hy het 'n simbool van hoop geword. Die Almagtige het geweet die behoefte om hulp was groot.

Vandag in SA sit die blankes in restaurante en kyk na hul gunsteling sport, rugby! Binne n paar minute word hul maaltye vir hulle gebring wat bestel is. Valse politici en sport word aanbid, maar hul weier om 'n wonderwerk by die Almagtige te bestel!

As jy jou wonderwerk bestel by Hom, moet jy nooit bekommerd wees van hoe dit afgelewer gaan word nie, want Hy stuur doe koerier wat dit moet doen! Die Almagtige kan self ingryp, of sy engele gebruik, selfs mense of diere, soos hy reeds met die wonderduif bewys het. Die Shepper gaan op geheimsinnige maniere te werk wat mense nie verstaan nie.

My vraag is die volgende: Blankes wanneer gaan julle jul wonderwerk bestel? Jul tyd raak min!

BLANKES HET AL ONS KENNIS BY AFRIKA GESTEEL

Die uitsprake word net al groter en belagliker. Daar was nie 'n naam by die gesig wat hierdie sotlikheid kwytgeraak het nie. Hy het net in 'n vergadering opgestaan en sy sê gesê:



“Blankes, toe hulle na Afrika gekom het, het hulle nie net ons land gesteel nie, hulle het ook ons erfenis, ons kultuur, ons inheemse medisyne, alles gesteel. Dis wat gebeur het, en mense weet dit nie; ons het die blankes geleer wat die beskawing is! Hulle het niks geweet toe hulle na Afrika gekom het nie. Ons het hulle medisyne, sielkunde, wetenskap, alles geleer! Ons het hulle gewys wat beskawing is!”

‘n Mens kan net jou hande in verbystering saamslaan. As hulle ons die beskawing geleer het, hoekom het hulle vandag GEEN beskaafdheid nie? Of sien hulle die beskawing as iets soos ‘n hoed wat aan iemand gegee word en dan het die gewer nie meer die hoed nie – in hierdie geval die beskawing? Hulle het nie meer die beskawing nie, want ons het dit by hulle gevat!

En hoe reken hierdie swartes het die blankes tot hier by die suidpunt van Afrika gekom? Het ons voorsate hierheen geswem geklee net in ‘n stertriem soos ons hulle hier gekry het? Hoekom het hulle nie toe al glaskrale gehad waarmee hulle goedere kon ruil

van die onbeskaafde, dom blankes nie? Vasco da Gama het met glaskrale hier kom ruil wat hy van die inboorlinge nodig gehad het soos kos en vars water. Die swartes het nie eens eenvoudige glaskrale geken nie.

‘n Mens sal net graag wil weet waar hierdie spul hulle ‘kennis’ vandaan gekry het.

Jackson Mthembu, die ANC se hoofseep, het weer die volgende snert kwytingeraak: “Petrolpryse was nie so hoog voor die blankes in 1600 na Suid-Afrika gekom het nie. Die blankes het armoede na ons land gebring. Dit is al hierdie pizza’s en McDonalds wat hulle gebring het wat die inflasie veroorsaak.” Mens moet seker nie lag nie, maar jy kan dit ook nie verhelp nie. Hierdie sotterny maak jou óf kwaad óf dit kikker jou dag sommer op. Hulle het in strooi en modderhutte gebly en gebreide velle vir klere gedra toe Jan van Riebeeck geklee in waarskynlik sy en fluweel, voet aan wal gesit het. Ja, dit was die eerste keer dat hulle blankes gesien het, maar wat hulle eintlik geïnteresseer het, was die mooi goed wat hulle kon steel.

Mthembu sê dat petrolpryse nie so hoog was in 1600 nie, en dan sê hy ook sommer die volgende wat ‘n mens tot trane dwing: “Afrikane (swartes) kon (in 1600) petrol sonder ‘n probleem bekostig.”

En wat sou hulle daardie tyd wou maak met die petrol? Onthou, daar was toe nog nie eens ‘n fiets nie, laat staan nog motors en taxis. En waar sou hulle destyds die petrol gekry het? Dalk was daar iewers ‘n kraan in die bosse en hulle kon die petrol gaan haal met plestiek emmers?

‘n Ruk gelede het een van die baie slim swart parlementslede gepraat van Jan van Riebeeck wat 2000 jaar gelede hier geland het. Die joernalis wat die berig geskryf het, was ook nie links nie en kom met die opmerking: “Sy bedoel seker Jesus van Riebeeck.” Moet jy lag of moet jy huil?

Ons weet dat in Amerika word dieselfde soort twak aan die swart bevolking daar vertel en die pampoene glo dit alles. Swartes daar word vertel dat dit 'n swart ingenieur was wat die helikopter ontwikkel het en dat blankes al die swartes se kennis by hulle gesteel het. Dan begin 'n mens ook verstaan waar die haat en veragting vandaan kom. Volgens ons betroubare inligting is agente uit Engeland en Amerika al lankal besig om die swart bevolking hier op te stook teen mekaar en teen die blankes met hierdie soort snert wat hulle in die opruiende swartes se koppe plant. Of Trump van alles weet, is dalk te betwyfel, maar ons glo nie hy is heeltemal onkundig nie. Hierdie is iets wat deur die Amerikaanse weermag gedoen word en hulle doen skynbaar net wat hulle wil.

Die DA wil hê die petrolprys moet afkom met 20%, die swartes sê nee, dit moet af met 50% en hulle is bereid om te staak en brandbomme te gooi en af te breek om die prys af te dwing. En nou het die regering aangekondig dat die petrolprys gaan styg met Een Sent!

Genoeg rede om die loslit dik toi-toi-lywe weer te laat skommel!

VREEMDE 'WEERMAG' ONT- PLOOI IN SA

In Junie vanjaar is daar skielik 'n groot bedrywigheid van 'vreemde' militêre voertuie en rooi busse met vreemde registrasienommers dwarsoor Suid-Afrika waargeneem. In die busse was daar blanke soldate met rooi barette opgemerk, maar hulle was nie lede van die SANW nie.

Uit amptelike bronne is verneem dat daar op die oomblik geen beplande militêre oefeninge beplan of in die vooruitsig gestel word nie.

Niemand kon ook aan ons 'n verduideliking gee vir hierdie geheimsinnige militêre bedrywigheid nie. Hou dit miskien verband met Noordwes wat so pas onder beheer van die VN geplaas is? Of het dit dalk iets te doen met die maand lange geweldpleging en chaos by Hermanus? Of die 40-tal treine wat al in die Kaapse metropool deur brandstigting verwoes is.

Hieronder is 'n berig oor VN wapentuig in SA waarvan die meeste van ons seker al vergeet het. Kyk gerus weer daarna en sien die gevaarligte flikker:

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag het 900 VN voertuie in sy stoorplek by Wallmansthal, met die oorgrote meerderheid diensbaar en gereed om binne 24 uur operasioneel te wees. Duisende ander onbruikbare voertuie staan ook nog in 'n oop stoor.

Dit het aan die lig gekom tydens 'n besoek deur die minister van verdediging en militêre veterane, Nosiviwe Mapisa-Nqakula, in Desember 2015, wat inspeksie gedoen het oor die vordering van 100 Kubaanse personeel wat gebruik word vir die in stand houding den stoor van Suid-Afrikaanse militêre voertuie, asook om opleiding te verskaf aan Suid-Afrikaanse tegnisi as deel van 'Operasie Thusano'

By Wallmansthal is daar tien humiditeitsbeheerde bewaringshangers wat elk 100-130 voertuie kan berg. 900 voertuie is tans in bewaringsberging. Van die voertuie in bewaring by Wallmansthal sluit in ongeveer 200 Samil-vragmotors, meer as 150 Ratel-gepantserde voertuie, 100 Casspirs, 100 Mambas, twee dosyn GV6'se, 20 Zebras, 20 Skimmels, 'n dosyn Cavallos en 30 Rooikat 1B'se, wat 'onbruikbaar' is, en opgegradeer word na 1D-standaard.

Die 'bewaringsproses' behels die inspeksie van die voertuig, die bevestiging van die enjinwerke, was- en skoonmaakfilters, die beheer van die elektriese stelsel, die herstel van geringe foute, die kontrolering van brandstof- en olievlakke, die parkeer van die voertuie, die opstel van boeke en die onderhoud



van die bande. Die voertuie kan vir vyf jaar gestoor word en binne 24 uur operasioneel wees. Volgens die SA Weermag word herstelde voertuie uitgereik aan eenhede om tekorte te vervang en die res word as reserwes behou.

(Vraag: watter 'voertuie' van die SA Weermag word met VN voertuie vervang en om watter rede?)

Mapisa-Nqakula het tydens haar besoek aan Wallmansthal verneem dat 2 400 voertuie in die Krygkorpark in Wallmansthal geparkeer is. Brigadier-generaal Ellis Mathaba, direkteur van weermaglogistiek, het in Desember gesê die weermag het beplan om die voertuie te verminder. Hy het gesê dit is belangrik om selfs nie-gebruikbare voertuie te bewaar, aangesien dit nog vir onderdele gebruik kan word. Sowat 'n dosyn Kubaanse tegnisi en twee dosyn lede van die SA Weermag en vakleerlinge, is betrokke by bewaringsaktiwiteite by Wallmansthal.

Die Suid-Afrikaanse Weermag besit meer as 10 000 A en B-voertuie en beoog om 4 200 van sy voertuie onder 'Operasie Thusano' te herstel. Drie-en-negentig-Kubaanse tegnisi het in Februarie in Suid-Afrika aangekom op 'n jaar lange kontrak vir beide voertuigopknappings en hulp met die versterking van die SANW en opleiding in meganika. Weermag-amptenare het in Desember gesê dat 1 105 Samil 20's, 1 667 Samil 50's en 1 240 Samil 100's herstel sal word, terwyl 515 voertuie geormerk is vir deaktivering, en 'n groot aantal voertuie sal ook bewaar word, insluitend 357 in die langtermynstoorryimte en 121 in korttermynberging.

Volgens die Kubaanse afvaardiging is 450 voertuie weer diensbaar gemaak deur middel van medium herstelwerk en 469 deur ligte herstelwerk vir 'n totaal van 919. 2 918 voertuie is ondersoek en oor hul lot besluit. Onderhoud en herstel word op vier plekke gedoen: Bloemfontein, die Tegniese Dienste-eenheid in Lyttelton, Wallmansthal en Potchefstroom. Sommige Kubaanse personeel werk aan die herstel

van ambulanse by 8 Mediese Bataljon in Lyttelton.

As iemand ore het, laat hom hoor, as hy 'n verstand het, laat hom verstaan. Ons moet ons klaarmaak vir rewolusie en geweld, vir tekorte en donkerte. En hierdie ding gaan dalk nie oornag oorwaai nie, maar ten minste 'n paar weke, indien nie maande nie, duur.

DINGE KAN ENIGE OOMBLIK ES-KALEER. WEES VOORBEREID

Daar word baie wolf! wolf! geskree en dan gebeur daar nie regtig iets nie. Dalk wou die 'informante' gekke van ons maak, maar binnekort gaan hulle self in die strik trap wat hulle vir ons gestel het.

Diegene aan die anderkant van die draad sê alles is onder beheer en solank die media niks sê nie, dan is daar niks. Raai wat? Niks is onder beheer nie en alhoewel almal nie die gloed van die vure voel nie, beteken dit nie dat dit nie iewers rook en vlamme woed nie.

Ons beskawing (wat ons terloops self ontwikkel het en nie van die swartes gesteel het nie) is afhanklik van elektriese krag. As die krag afgaan, sit ons soos hoenders en kôk-kôk op die mishoop en soek naarsstiglik na 'n flitslig of 'n boksie vuurhoutjies. Party het kerse en ander het lampe en weinig gaan 'n luuksheid hê soos warm water. Die meeste mense dink nie op daardie oomblik daaraan dat die petrolpompe en die OTM's nie werk as daar nie krag is nie. Dit vind hulle die volgende oggend uit as hulle werk toe moet ry. En as hy of sy daar aankom, is die elektroniese hekke toe en kan nie oop nie en die OTM is die vorige nag verwoes en beroof, want die sekureitskameras werk met krag.



Jy ry terug huis toe en wil gaan kyk wat sê hulle op die nuus daaroor, maar jou TV-stel het ook krag nodig om 'n sein op te vang. Intussen is die hele kroos deur die badkamer en die toilet spoel nie, want die pompe werk nie, want daar is nie krag nie. Koffie? Jammer, Meneer, maar jy het nie eens 'n paraffienstofie waarop jy water kan kook nie ... by water bedoel ons dit wat nog oor is in die verwarmingstelsel vir gebruik.

Jy probeer jou vriend bel om te hoor wat aangaan. Maar die toring wat jou oproep moet opvang en uitstuur, is 'dood' en daar is geen reaksie nie. Om die regering vir al hierdie ellende uit te skel, sal ook nie help nie, want hulle kan en wil jou nie hoor nie en buitendien, die hele gebied is sonder krag en jy sal maar rustig op Afrika se tyd moet wag vir 'n wonderwerk om te gebeur. Wat natuurlik nooit sal plaasvind nie, want 'wonderwerke' was nog nooit deel van hulle 'beplanning' nie!

Die kinders maak vuur in die braaier buite op die stoep. Daar is een troos – jy kan koffie drink en ietsie eet. Die swembadwater, as jy 'n swembad het, is nog nie 'n opsie nie, want die vorige dag was daar maats gewees en almal het geswem en die gedagte om water te drink waarin ander dalk geurineer het, is nog nie aanvaarbaar nie. Dit sal later kom. En die son duik genadeloos vir die horison en jy is dankbaar dat dit nie winter is nie. Dit is Dag 1.

Dag 2 worstel jy verby en kry twee kerse en 'n boksie vuurhoutjies by jou buurman wat nog nie jou grassnyer teruggegee het nie en skuldig daarvoor voel. Jy het nou 'n bietjie lig en 'n klompie hout om vuur buite in die braaier mee te maak en daar is nog kos in die yskas en vrieskas totdat dit ook begin sleg word. Daar is geen moontlikheid van 'n lekker warm bad of stort nie. 'n Skotteltjie is jou voorland en jy bly in 'n drie-verdiepinghuis in 'n rykmansvoorstad – wat 'n skande! Dit is Dag 2

Teen Dag 3 vind jy uit dat die plaaslike supermark se rakke leeg is nadat dit gedurende die nag geplunder is. Geen goedere is intussen weer afgelewer nie. En elke dag versleg die toestand nog meer, want in ander stede en naburige dorpe lyk dit ook maar so.

Dis dan dat jy begin wonder wat jou eintlik te doen staan – ry of bly? Dit lyk nie asof die situasie gaan verander nie ... in elk geval nie ten goede nie. Dis 'n groot besluit wat jy as 'n moontlikheid weke of maande tevore al moes beplan het.

En tot dusver het ons doelbewus nog die ergste scenario verswyg, naamlik dat jou swart bure nie soos jy gaan planne prakseer om te oorleef nie; hy was die eerste dag dalk alreeds oor jou heining op pad om jou te kom beroof, en soos te wagte kan wees, is hy gewapen!

Maar laat ons terugkom na die hede, want ons het genadiglik nog nie daardie punt bereik nie.

Eskom, so lyk dit in elk geval, is waarskynlik besig om boedel oor te gee. Hulle het astronomiese groot skuld, hulle werkers stel onrealistiese eise en 'n tekort aan kundigheid en kennis vererger net die situasie. En dit is hoe ons by die punt gekom het waar die krag gaan afskakel. Daardie dag is nie meer ver in die toekoms nie, want hier is 'n lys van kragstasies wat met die huidige staking deur woedende werkers verhoed is om nog te funksioneer:

- Lethabo in die Vrystaat – toegang word versper.
- Geen toegang vir werkers.
- Kandal Kragstasie MP staak ook – geen toegang vir werkers.
- Hendrina Kragstasie – geen toegang. Werkers staan buite en SAPS skiet rubberkoeëls onder stakers.

- Kriel Kragstasie – Slegs TPM en 4 werkers teenwoordig.
- Camden Kragstasie MP – geen toegang en werkers staan buite.
- Komati kragstasie MP – toegang word versper en werkers staan buite.
- Matla kragstasie MP – Al twee hekke gesluit. Geen toegang.
- Kusile Kragstasie MP – Noordelike hek word geblok.
- Duvha kragstasie MP – Geen toegang. Werkers staan buite.

POPS is teenwoordig by baie sommige van die kragstasies en hulle is besig om paaie oop te maak. By van die hekke klap die skote. Iemand binne een van Eskom se kragstasies het vir ons die volgende waarskuwing gestuur: “Mense hier is groot probleme op pad. Hulle is besig om mense uit hul kantore te verwyder op verskillende plekke. Ons gaan dalk ook toemaak vandag. Intussen skakel die units (eenhede) een vir een af. Kragstasies kry nie steenkool nie. Wees gereed vir enige gebeurlikheid, beurtkrag is onvermydelik en dis winter. Wees veilig. Sorg dat julle kerse en petrol het as julle generators het. Dinge kan lelik raak. Wees Veilig, wees paraat.”

Nou goed, dis dag 10 ... Al jou kos is op en swembadwater word gekook ... jy het 'n longdrop in die agterplaas. Die kinders speel vreetkaart om die tyd te verwyd en vra aanhoudend vir iets om te eet ... jy dwaal deur die huis opsoek na weggooi-stompie waarmee jy nog 'n draw of twee kan vat ... jou vrou huil in die slaapkamer...

Wanneer gaan jy vir hierdie dag begin voorberei?

GRONDWET – WORD VIR DIE 18DE KEER VERANDER

In sy geskiedenisboeke spog die ANC daarmee dat kameraad Kader Asmal die grootste bydrae gelewer het met die skryf van Suid-Afrika se demokratiese Grondwet. Dit is bekend dat die proses by die Asmals se kombuistafel in hul huis in Dublin begin het toe 'n groep in opdrag van die destydse ANC-president, Oliver R. Tambo, die taak aangepak het.

Maar dit was die einste Kader Asmal wat voor sy dood in Junie 2011 die Grondwet met hierdie woorde verdoem het: “Dis nou al 17 keer (vandag 18 keer) verander. Ek ken nie meer hierdie ANC nie, en is nie bereid om die pad verder saam met hulle te loop nie”.

Maar FW de Klerk laat geen oomblik verbygaan sonder om die Grondwet (wat, volgens hom, Pik Botha en Roelf Meyer, in die hemel geskryf is) te loof en te prys as die beste, gevorderdste en bevrydendste grondwet ter wêreld nie. “Dis net tragies,” sê hy, “dat die meeste Suid-Afrikaners dit nog nie kan of wil aanvaar nie.”

Nou ja, ons het nuus vir hom – 'n baie groot deel van die blanke bevolking sal dit ook nooit aanvaar nie. Dis iets waarmee maar sal moet saamleef totdat sy emmer die dag 'n skoppie kry en omval.

Die drie manskap het nie daaraan gedink toe hulle luisterryke oomblik van 'n grootse 'oorwinning' vir die Nuwe Suid-Afrika om middernag op 18 November 1993 begin het nie.

“Dit was die uur toe wit Suid-Afrika met waarlik van mag afstand gedoen het.” So staan daar in die notule boek opgeteken.

“Moeë onderhandelaars het vannag in die World Trade Centre in Kemptonpark

hand geskud, ANC-afgevaardigdes het gejuig van blydschap en meeste lede van die regeringsonderhandelaars het hoog in hul skik huiswaarts gekeer.

“Verteenwoordigers van 26 politieke partye het in die middernagtelike ure daarin geslaag om op ‘n fondament — die oorgangsgrondwet — ooreen te kom wat die weg vir die land se eerste demokratiese verkiesing en die finale Grondwet sal wees.”

En die drie manskap het mekaar op die skouer geklop, want wat hulle gedoen het, is vir tyd en ewigheid onomkeerbaar.

De Klerk wou seker maak ons vergeet dit nie en het dit al tot vervelens toe herhaal.

En noudat Ramaphosa daardie beste, gevorderdste en bevrydendste grondwet die 19de keer gaan verander sodat anderskleuriges die volste reg het om hulle ‘gesteelde grond’ weer self ‘terug te steel’, klink De Klerk se loflied skielik na ‘n treurmare.

Ja en terwyl ons nou die 24-jarige herdenking van die aanvaarding van die Grondwet

vier, is dit miskien ‘n goeie geleentheid om vlugtig bestek van ons stigtingsdokument op te neem.

Kom ons kyk net kortlik na enkele bepalings daarvan:

1. Ten eerste word die doelwit van die Grondwet in die aanhef uiteengesit, waarin onder meer van die samelewing gevra word om:
2. die verdeeldheid van die verlede te heel en ‘n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;

3. die grondslag te lê vir ‘n demokratiese en oop samelewing waarin die regering gegrondves is op die **wil van die bevolking** en elke burger **gelyk** deur die reg **beskerm word** (askies, uitgesonder as jy hie te lande met ‘n witvel opgeskeep sit)...

Oraloor begin groot barste en krake al wys in die grondwet-fondament wat in daardie donker, middernagtelike ure deur vaak, moeë manne vinnig en halsoorkop gegooi is; maar gelukkig is die blink suit manne met hul donkerbrille heeltemal onbewus daarvan.

LANGS DIE WATERLOSE FONTEINE

Vanderbijlpark het ernstige waterprobleme. In Junie het ‘n tegniese span van beide Rand Water en die Munisipaliteit vasgestel dat die munisipaliteit se pompe wat water na hulle druktorings pomp, nie werk nie. Hierdie druktorings is verantwoordelik vir water na die hoogliggende gedeeltes van Vanderbijlpark. Die water bereik dus nie daardie gebiede nie. Weereens ‘n probleem met instandhouding.

Dis egter nie die enigste probleem van daardie stad nie. Die Vaalrivier is ernstig besoedel deur riool en die stelsel het nou ineengestort. Daar is onder andere in die media só hieroor berig:

“Die visse (vrek) by die tonne – Nie net die vislewe is nou in bedreiging nie maar die bome langs die oevers en selfs die voëls begin vrek, aangesien al hul voedsel hierdeur vergiftig is.”

Die gevolg van wanbestuur deur die Vanderbijlpark munisipaliteit, is dat ontspanningsgeriewe en oorde langs die rivier grootskaals ly deur dom besluite en swak instandhouding. Daar word ook berig dat “Die oewer-eienaars, waarvan ‘n groot deel van die eie-



naars nie plaaslike inwoners is nie, maar vakansiewonings langs die rivier besit, baie bekommerd en hulle is woedend oor die situasie.”

In die jongste uitgawe van die *Vaalweekblad* word die volgende prentjie geskets: “Die feit dat infrastrukture nie in stand gehou word nie deur onbekwame munisipale werknemers en geld tekorte is die hoofrede vir die verval van ons eens pragtige rivier.” *Vaalweekblad* het die afgelope jare verskeie berigte geplaas van die onstellende agteruitgang van plaaslike dienste.”

Die munisipaliteit het, oudergewoonte, natuurlik nooit daarop gereageer nie.

Die berig gaan voort: “Verskeie plekke is al geïdentifiseer as die oorsake onder andere die pompstasie by Mario Milani, Rietspruit rioolwerke, rirole wat oorstroom in Drie-Riviere, Vereeniging, Vanderbijlpark en Parys. Riool wat oorstroom word direk in die stormwaterstelsel na die rivier geneem. Die besoedeling van ons water strek vanaf Vereeniging, Vanderbijlpark en Parys en is vinnig op pad na die Bloemhofdam.”

Vanderbijlpark is nie die enigste stad wat met sulke probleme sit nie. ‘n Mens kan nie almal opnoem nie, maar ons kry gedurig inligting oor hoe ons stede en dorpe agteruitgaan weens onkunde, luiheid, bedrog en korrupsie. Dit is egter die soort ‘beskawing’ wat deur swartes bedryf kan word met hulle kennis, agtergrond en gewilligheid om te werk.

SENDELINGE HET ‘N GROOT VERANDERING GEMAAK

Die leier van **First Land First** (BLF), Andile Mngxitama, het aan sy volgelingen gesê dat wanneer hy die Naam van Jesus hoor, dan word hy altyd aan blankes

herinner. Hy het gesê dit is ‘n goeie ding dat Jesus nie terugkom nie, want as Hy dit sou doen, dan sal ons Hom weer doodmaak. Maar hierdie keer sal ons sy liggaam veras sodat Hy nie weer sal opstaan nie.”

Mooi so, julle sendelinge! Julle het voorwaar goeie werk gedoen. Uit Mngxitama se kommentaar is dit baie duidelik dat die boodskap wat julle oor jare heen uitgedra het, geen vrugte afgewerp het nie.

Dit is soos die Messias self destyds gesê het, sy boodskap is nie vir hulle buite sy volk bedoel nie. Die swartes weet self hulle is nie bekeerbaar nie. Julle skrifgeleerdes, Fariseërs en geveinsdes het oor see en land rondgetrek om een bekeerling te maak, en vandag sien ons hy is ‘n kind van die hel twee maal erger as julleself. Gaan lees gerus weer Mat. 23:15.

VISIOEN OOR GEWELD EN MOORDE IN GAUTENG

Hierdie is een van drie visioene wat ons nuwe, verwerkte boek oor Johanna Brandt opgeneem is. Die inligting in *Die Smeltkroes* is ook in die boek bygewerk:

“Ek droom dat die Afrikaners in hierdie land geluide begin maak. Hulle begin protesteer oor hulle situasie in die Ikand en die verlies aan hulle taal.; Ek is nie seker of die protesoptogte in Pretoria of Kaapstad was nie, maar baie vroue het buite koopsentrums geprotesteer, asook prominente en gewilde plekke dwarsoor Suid-Afrika. Hierdie droom het ek gehad voordat enige standbeelde geval het.

“Die protesteerders se borde was groot en baie kleurvol. Die skrif op die borde was in groen, heldergroen. ‘n Paar mans berei voor.



“Daar is 2 swartes wat ons dwing om enigiets te onderteken wat in die land inklom. Die swarte wat agter die lessenaar sit, maak seker dat ons die regte dokumentasie en papierwerk het. Hy is baie aggressief, baie rigid en wil nie gesteur word terwyl hy dubbeld seker maak oor die papierwerk nie.

“Die een wat hom bystaan is baie meer opgewek en gesels oor ditjies en datjies sodat ons nie die een wat die dokumente moet nasien se aandag sal aflei nie. Hulle ondersoek nou alles wat die land inkom, elke enkele ding word dubbeld van seker gemaak.

“Die swartes is bewus daarvan dat ons raserig raak en kontroleer alles wat ons doen nou dubbeld. Hulle is bekommerd daarvoor dat ons wapens in die land inbring om te baklei, maar die werklike rede waarom hulle alles dubbeld kontroleer is omdat hulle self nie wil hê dat ons wapens moet hê nie, want die aanval op ons mense is naby.

“Terwyl hierdie blankes protesteer, sien ek wat ek noem ‘New Age’ swartes. Ek sien swartes wat nuwe klere en donkerbrille dra en wat rondloop in inkoop-sentrums. Hulle nekke is styf, hulle kyk nie eens na die mense wat protesteer nie, hulle buig nie eens hulle koppe nie – hulle loop reg verby hulle en maak asof hulle nie eens bestaan nie.

“Ek het egter geweet wat in hulle harte broei. Die New Age swarte wil ons eintlik nie in die rondte hê nie. Ek het die gevoel gekry dat hy moeg daarvoor is om ons in die land te hê omdat hy lank genoeg met ons opgeskeep was.

“Hierdie New Age swarte het twee gesigte in die droom. Hy/hulle wil hê wat die blanke het, maar wil nie langer blankes om hulle hê nie. Hierdie swarte wil nie eens praat of debatteer nie. Hy/hulle wil in werklikheid hê die massa moet hierdie ding agter die rug kry, want ons is regtig besig om hulle te irriteer. Die nuwe generasie is verwaand en baie arrogant. Hulle wil ons verslaan en hulle soek ons bloed.

“Toe droom ek dat die blankes in Gauteng skielik omsingel word deur tienhonderde duisende van die massas. Hulle kan nêrens heen draai om te ontsnap nie. Toe het die pyle begin vlieg.

“In die droom word die blankes verteenwoordig deur een persoon. Die skietery begin en ‘n miljoen blankes word in Gauteng doodgemaak. Ek kon dit nie glo nie, omtrent almal in Gauteng gaan doodgemaak word. In my droom het ek hardop gesê: ‘Dit is nie moontlik’. Maar weer het eenmiljoen by my opgekom.

“Hulle kon eenvoudig nie ontsnap nie. Ek sien tonne pyle losgelaat word uit alle rigtings. Hulle reën af op die blankes. Daar is so baie dat hulle lyk soos ‘n swerm springkane in die lug. Drie groot pyle vlieg uit ‘n vasberade swarte wat aan die suidekant verskyn. Hy kom van nêrens af nie, maar sy doel is om die blankes uit te wis.

“Sy drie groot pyle tref die blankes. Die eerste pyl is baie groot, die daaropvolgende pyle tref almal die eerste pyl en breek dit elke keer oop. Hierdie blanke persoon het so baie pyle in hom dat hy lyk soos ‘n ystervark, maar steeds bly hy staan en veg. Hy is bedek deur pyle op elke deel van hulle liggaam. Die drie pyle bring die blanke uiteindelik op sy knieë.

“Ek het die stemme van ander blankes in ander dele van die land gehoor en hulle was tot stilte geskok oor die geweld.

“Ek sien die nommers 8/5. Ek weet nie wat die 8/5 beteken nie. Is dit 8 Mei of 5 Augustus?

“Ek sien die see verander van ‘n blou tot ‘n swart olie en dan is dit asof die see voor my opstyg asof dit ‘n enjin is, ‘n groot enjin waar ek al die parte kan sien beweeg. Ek is gesê dat die oseaan en sy enjin ons ekonomie verteenwoordig en die swart olie die ‘capitol’. (Hy mag dalk bedoel *kapitaal*) Ek sien die kapitaal droog op, die hele ekonomie gaan staan. Ek

kon sien finansiële sektor word eerste getref en dan elke ander sektor word geslaan en kom tot stilstand.

“Ek sien die hele enjin hardloop gemaklik en dan begin die wiele agteruit spin, dan vorentoe en die enjin maak groot geraas voor dit gaan staan. Daar is nie meer olie of of geld nie.

“Voor ek hierdie droom gehad het, het ek altyd gedink dat die blankes in Gauteng dit op een of ander manier sal oorleef, maar na hierdie droom is ek nie meer so seker nie. Volgens *Wikipedia* is daar 1,735,094 blankes in Gauteng.

“Nie baie blankes sal die nagaanval oorleef nie. Dit gaan net te vinnig gebeur en daar is eenvoudig net te veel van hulle. Die helfte van Gauteng se blanke bevolking gaan sterf in die aanvalle. Dit hoef nie so te wees as hulle voorberei en om hulp bid nie, maar baie sal nie luister nie.

“Hulle het ons in Gauteng omsingel. Daar is ook een groot leier (swart) in Gauteng wat baie wreed en wild is. Hy is die een wat die eerste, grootste pyl afskiet en die 2 daaropvolgende pyle wat die laaste blankes doodmaak, kom uit sy rigting uit die suide.

“Toe ek die eerste keer die droom oor my oupa wat vermoor word gehad het, het ek die gebeurtenis gesien as ‘n nagmerrie en ‘n droom. Toe dit so gebeur en die manier waarop hulle die gebeure beskryf het wat gebeur het rondom die moord op hom, het ek geweet hierdie droom was ‘n droom oor toekomstige gebeure. Ek het reeds die protesoptogte oor ons taal gesien. Dit is hier.”

HULLE BREEK AF WAT HULLE NIE SELF GEBOU HET NIE

Onlangs het die Suid-Afrikaanse swartes hulle vernietigingskultuur versnel deur treine teen ‘n ontstellende tempo aan die brand te steek. Swart pendelaars in Suid-Afrika het ‘n lang geskiedenis van treine verbrand en onluste op stasies, dikwels met die geringste klagtes. Hulle fabriseer altyd een of ander verskoning vir hulle gewelddadige optredes.

Behalwe vir die treine wat hulle uitbrand, is daar nog die duisende geboue wat in puin lê, skole wat afgebrand word, dorpe wat in chaos agtergelaat word, universiteite wat hulle omkeer, oeste wat uitgebrand word en besighede wat hulle plunder gedurende hulle ewige opstande en optogte – tot soveel as 1000 per jaar – elke keer as hulle ‘ongelukkig’ is.

Eintlik hou hulle daarvan om ‘ongelukkig’ te wees. Hulle kan dans-dans en sing in die strate en hulle sakke vol allerhande goed stop wat hulle uit die winkels steel. En dit bly nie net by steel nie, hulle breek af so ver as wat hulle gaan.

Gaan vra enige boer wat gebeur as hy nie troppe bobbejane uit sy landerye hou nie. Die bobbejane verwoes die mielieland en stroop alle mielies af. Dié bly net so lê, want die bobbejaan het dit nie self geplant en versorg nie. Wat sal gebeur as hy nie jakkalse en roofdiere tussen sy skape uithou nie. Alles word verwoes. Dit is presies dieselfde kultuur wat ons onder swartes vind.

‘n Tyd gelede al het Molepo, die sogenaamde CEO van PRASA (Spoorweg), al op radio gesê dat die organisasie “80 trokke per week verloor as gevolg van brandstigting en vandalisme”, dus die bobbejaankultuur. Niemand waag dit egter om daarvoor iets te sê

nie, want dan moet erken word dat dit die pragtige swartes is wat dit doen en dan word jy as rassis uitgekryt en niemand wil as 'n rassis bestempel word nie.

Dit is die Swart Vloek in Suid-Afrika.

Riana Scott, woordvoerder vir Metrotail het vroeër erken dat 70 volledige treine met baie trokke elke maand gevandaliseer word.

Hoe sê die spreekwoord nou weer? Meng jou met die semels dan vreet die varke jou. Eintlik verdien die inwoners van Suid-Afrika die geweld en verwoesting, want hulle het daarvoor gestem dat die swartes oor ons moet regeer. Al wat nou gebeur, is dat hulle die vrugte pluk vir hulle besluit.

SA POLITICI MOET GEARRESTEER WORD

Volgens die *New York Informer*, steun Donald Trump die voorstel deur die Internasionale Geregshof dat Cyril Ramaphosa, Julius Malema en Andile Mngxitama vervolgt moet word vir die misdade wat hulle teen die blankes van Suid-Afrika gepleeg het en steeds pleeg.

Die ANC en hulle vennote, die EFF en die BLF, het burger onluste gestook met die doel om rassehaat te skep en te bevorder. Hulle het die bevolking in die stede en dorpe van Suid-Afrika verdeel en die bevolking aangehits om grond en eiendom van die wet-tige eienaars te beset en te beweer dat die blanke minderheid dit van hulle gesteel het.

Hulle het ook 'n beroep gedoen op hulle ondersteuners om die lied, *Kill the Boer*, te sing en so rassehaat aan te blaas en mense te verdeel. Hulle moet hulle so die meerderheid aanmoedig om blanke Suid-Af-

rikaanse boere en burgerlikes in landelike gebiede in hulle huise aan te val en te vermoor. Hulle moet ook soveel moontlik ontvoer, verkrag en doodmaak. Diefstal is dikwels nie die motief nie. Daar is ook min of geen reaksie van die polisie nie. Jong swartes en hulle volwasse ondersteuners word aangemoedig om willekeurige en grusame misdade te pleeg, asook brandstigtingsaanvalle teen boere en burgerlikes.

Die daaglikse aksies deur die ANC, EFF en BLF skend internasionale wet en word beskou as oorlogsmisdade en moord. Misdade teen die mens is onder andere – marteling en volksmoord; moord op lede van 'n minderheidsgroep; ernstige liggaamlike en geestelike letsels te veroorsaak aan lede van die groep; die groep doelbewus te dwing onder lewenstoestand wat daarop gemik is om fisiese vernietiging van die hele groep of gedeelte daarvan teweeg te bring en ook op 'n sekere skaal van erns.

Dit klink asof iemand ten minste raaksien wat hier gebeur, maar dit sal nie in die hoofstroom media verskyn nie en nog minder sal hulle enigiets daaraan doen om die toestand te verander. Nee, wag! Hulle gaan wel iets doen en ons kan sommer raai wat dit gaan wees!

Hulle (Amerika) gaan, soos wat hulle met ander lande gemaak het, 'n ander regering vir ons gee en so sal hulle ons probleem oplos. Rêrig? Al doen hulle ook so iets, dit sal niks aan die saak verander nie. Die haat weerskante is al te diep gewortel om nog opgelos te word.

Ons weet daar is net een manier om die saak op te los en dit is met die wapen. In 1993 kon ons hierdie scenario nog verhoed het, maar nie meer nie. Dit het al so ver gegaan dat dit deurgesypel het tot die kunste. Dis net asof die swartes hulle haat vir ons soos 'n troeteldiertjie met hulle saamsleep na elke geleentheid.



Tydens die 10de World Choir Competition het die South African Choir wat bestaan uit elke soort ras in die land, hulle optrede by die internasionale kompetisie in Pretoria afgesluit deur *Kill the Farmer* te sing! Bid jou dit aan! Dit was aangebied as 'n 'tradisionele Zoeloe oorlogslied'! En die swart burgemeester van Pretoria (en as hy nie swart is nie, dan is sy hart swart) sien niks daarmee verkeerd nie en hy dink mense oorreeger.

Shane Dladla, die media 'spokesperson' vir die organiseerders van die kompetisie, het gesê dat hulle die lied beskou in die konteks van vryheid van spraak en dat, aangesien die kwessie van grondgryp nog besoreek word, kan die lied nie beskou word as iets wat 'n spesifieke politieke denkrigting bevorder nie.

'n Vrye vertaling van die lied is soos volg:

Tina sizwe thin' abantu boMkhonto sezimisele

Ons, die lede van Mkhonto is voorbereid

Ukuwabalala wona amaBhuni

Om die Boere dood te maak

Hamba Kahle Mkhonto Mkhonto

Gaan versigtig, Mkhonto/spies

Mkhonto weSizwe

Spies van die nasie (Spear of the Nation)

Thina sezwe esimnyama

Ons, die swart nasie

Sikhalelela izwe lethu

Ons huil vir ons land

Elathathwa ngabamhlophe

Wat van ons weggeneem is deur die witmense

Mabayeke umhlaba wethu

Laat hulle ons land vir ons teruggee.



INTEKENARE OP DIE VAANDELDRAER:

BETAAL AAN:

Brandwag Verspreiders

INTEKENGELD:

RSA R150

Namibië R180

Per epos: R120 per jaar

ONS ADRES:

Posbus 316, LADISMITH, 6655

Tel: 028-5512516 Faks: 086 2706347

BANKBESONDERHEDE:

Vaandel Uitgewers

Standard Bank

Rek. Nr. 188 263 217

Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Navrae: info@vaandel.co.za